

Gereformeerde Kerk Bellville – 19 Maart 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 2:1, 6 (p. 5)

- 1 Wat dring en dryf die wilde heidendom, / dat volke raas in opgewondenheid?
Gedugte konings staan gereed alom, / en wêreldgrootes raadslaag vir die stryd,
om God almagtig na die kroon te steek / en saam teen sy Gesalfde op te staan.
Hul sê: "Kom nou, laat ons hul bande breek / en van hul juk vir altyd ons ontslaan!"
- 6 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd / met blydschap wat Hom huldig as die HEER,
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
Want lig'lik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 98:1, 3 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 3 Laat by die psalm, in vreug gebore, / jul harp en stem Hom loof en dank;
laat opklink deur jul tempelkore / trompette en basuingeklink!
Laat vreug die HEER se huis deurbewe, / want groot is Isr'els Vors en HEER;
die see en alles wat daar lewe, / die ganse wêreld moet Hom eer!

Gebed

Psalm 2:3, 4 (p. 6)

- 3 "Durf jy dit waag om met my krag te twis? / Sal niet'ge stof My my gesag ontwing?
Of weerstand bied aan wie almagtig is? / Ontsien my toorn, verdwaasde sterweling!
Vergeefs wil jul my ryksbestel weerstreef. / Ek het my Vors gesalf – wee, wie Hom hoon! –
op Sionsberg van heiligheid omgeef, / waar Hy sal heers en ewig sit ten troon."
- 4 En Ek, die Vors, so hoog in mag en eer, / sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:
"Ek self (sê God) het U gegeneer: / U is my Seun, uit wie my beelt'nis blink.
Spreek dan u eis, Ek skenk dit U gewis. / En dat u troon vir ewig vas mag bly,
gee Ek die volke tot u erfenis / en wêreldwydtes tot u heerskappy.

Skriflesing: Psalm 2; Heidelbergse Kategismus, Sondag 12:31

Kernvers: Psalm 2:6

Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg.
(Psalm 2:6 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (c); tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het (e) en met sy voorbeding gedurigdeur by die Vader vir ons intree (f); tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (g).

(a) Ps 45:8; Heb 1:9; Jes 61:1; Luk 4:18. (b) Deut 18:15; Hand 3:22; 7:37; Jes 55:4. (c) Joh 1:18; 15:15. (d) Ps 110:4. (e) Heb 10:12, 14; 9:12, 14, 28. (f) Rom 8:34; Heb 9:24; 1 Joh 2:1; Rom 5:9, 10. (g) Ps 2:6; Sag 9:9; Matt 21:5; Luk 1:33; Matt 28:18; Joh 10:28; Open 12:10, 11.

Tema: Jesus Christus – die ewige Koning

Geliefde gemeente van Jesus Christus, die gelowige is vanaand by die vierde gesprek met die ongelowige vraagsteller oor die Naam Christus. In die eerste gesprek het hy die vraagsteller gehelp om te verstaan dat Jesus deur die Vader bevestig en met die Heilige Gees gesalf is in die amp as Christus. In die Naam van die Vader doen Jesus hierdie ampswerk tot voordeel van sondaars.

In die tweede en derde gesprek het die gelowige uitgebrei oor Jesus se profetiese en hoëpriesterlike werk. As die hoogste Profeet en Leraar het Hy God aan die mense kom verklaar. Daar mag nooit enige twyfel wees oor hoe genadig, barmhartig en regverdig die lewende God is nie. Daarom het Jesus die verborge raad en wil van God aangaande die verlossing van sondaars ten volle bekend gemaak. As Profeet het Hy die pad van die verlossing aangewys.

As die enigste Hoëpriester het Jesus die pad van die verlossing gebou. Dit het Hy gedoen toe Hy die enige offer van sy liggaam aan die kruis gebring het om sondaars te verlos. Daar is geen ander offer wat God vir die sondes van mense aanvaar nie behalwe die offer van sy eie Seun. En in die hemel aan die regterhand van sy Vader sit Jesus hierdie hoëpriesterlike werk van Hom voort. Hy tree voortdurend vir die gelowiges by die Vader in. En wanneer Hy pleit dat die Vader die gelowiges moet vergewe, doen Hy dit op grond van die volmaakte offer wat Hy aan die kruis gebring het.

As Profeet bring Jesus God se Woord na mense toe. Hy stel dus God se saak aan die mense. As Hoëpriester bring Jesus mense se nood na God toe. Hy stel dus mense se saak aan God op die volmaakste wyse. Jesus is daarom werklik die Middelaar Christus wat mense nodig het.

Teen hierdie tyd weet die ongelowige vraagsteller net so goed soos die gelowige dat mense nie uit hulle eie op die pad van verlossing sal gaan nie. Die mens is 'n gebore vyand van God en Jesus Christus, want hy is in sonde ontvang en gebore. Daarom stel die mens van nature nie in verlossing belang nie. In Efesiërs 2 sê die Here dit nog duideliker. Mense is van nature dood in die sonde, daarom is daar geen belangstelling in die verlossing wat tot die lewe lei nie. Dus, al weet mense van die pad van verlossing omdat die verkondiging van Jesus Christus so duidelik is en al weet hulle dat Jesus self die pad van verlossing met sy liggaam en bloed gemaak het, beteken dit nog nie dat hulle vanself op die pad van verlossing sal gaan nie.

In sy dwase verwaandheid bekyk en beluister mense die pad van verlossing wat Jesus gemaak het om net daar langsaan hulle eie pad van verlossing te probeer maak. Die Jode het dit in die dae van Jesus se omwandelinge op aarde gedoen. Hulle het gemeen as hulle die wet so goed as moontlik nakom, sal hulle uiteindelik deur God aanvaar word. Daarom het hulle gedink dat hulle nie vir Jesus as Verlosser nodig het nie. Mense maak vandag nog net so. Hulle dink as hulle 'n goeie en voorbeeldige lewe lei – nie moord pleeg nie, nie drink nie, nie die landswette oortree nie, geld gee vir verdienstelike sake soos mediese navorsing en beurse vir arm studente – dan is hulle eintlik reg om in die koninkryk van God in te gaan.

Daar is egter net een weg na God as Vader en in sy koninkryk in. En hierdie Weg se Naam is Jesus Christus. Geen ander pad wat mense dink hulle vir hulself kan maak, sal ooit by God en sy koninkryk kan uitkom nie. Maar ander sogenaamde paaie van verlossing is nie net verdwaalpaaie nie. Wie ook al met 'n ander pad na God toe wil gaan, sê eintlik vir God dat die pad wat sy Seun gewys en gemaak het nie goed genoeg is nie. En vir hierdie

verwerping van Jesus en sy verlossingswerk wat Hy in gehoorsaamheid aan sy Vader uitgevoer het, sal God rekenskap van die mens eis. Die mens verwerp nie net Jesus se verlossingswerk nie, maar hy verwerp ook God se wyse besluit van verlossing. En niemand verwerp God en kom niks oor nie.

Op hierdie punt onderbreek die vraagsteller die gelowige en sê vir hom: Ek weet nou al dat 'n mens homself nie kan verlos nie. Ek wil egter weet hoe kom die mens op die pad na die verlossing wat Jesus dan gemaak het? In antwoord hierop sê die gelowige: Jesus doen dit. Hy is ook deur sy Vader gesalf tot ewige Koning om die gelowiges met sy Woord en Gees te regeer en hulle op die pad van verlossing te beskerm en te bewaar.

Kyk net wat sê die Here self hier in Psalm 2:

Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg. Ek wil vertel van die besluit: Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer.
(Psalm 2:6-7 AFR53)

Die gelowige is gereed vir die protes wat die vraagsteller in hierdie stadium kan maak. Aangesien die vraagsteller nog 'n ongelowige is, weet die gelowige dat hy graag na baie verskillende teorieë oor die psalms luister. Een van die teorieë sê dat Psalm 2 in die Ou-Testamentiese tyd gesing is by die kroningsgeleentheid van Israel se konings. Dit is na alle waarskynlik so. Maar in hierdie psalm is daar beskrywings wat bo die gewone werklikheid van 'n menslike koning uitstyg.

Byvoorbeeld, die woorde in vers 9 weerklink weer in die boek Openbaring waar die Koningsheerskappy van Jesus Christus verkondig word (Open 2:26-27; 12:5). Boonop het die Heilige Gees verskeie skrywers van die Nuwe Testament gelei om Psalm 2 male sonder tal aan te haal en op Jesus Christus van toepassing te maak. Dus getuig die Heilige Gees self dat hierdie psalm van Jesus praat. En buitendien kan die woorde in vers 7 net op die Seun van God van toepassing wees. Hy is in die ewigheid uit die Vader gebore. En die konings van Israel is net soos die volk aangenome seuns en dogters van God. Van Jesus sê die engel Gabriël aan Maria:

Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie. (Lukas 1:32-33 AFR53)

Jesus is dus die ewige Koning wat God aan sy gelowiges gee. Aangesien Jesus die ewige Koning is, beteken dit dat Hy onderdane moet hê oor wie Hy sy heerskappy uitoefen. God die Vader het in die begin twee volmaak gehoorsame onderdane vir sy Seun geskep – Adam en Eva. Maar as gevolg van die duiwel se verleiding en hulle moedswillige ongehoorsaamheid, het hulle twee hulle rug op die Seun se heerskappy gedraai. En waar hulle gedink het dat hulle nou hulle eie baas was, het hulle in werklikheid slawe van die duiwel en die sonde geword. Gevolglik is die hele nageslag van hierdie eerste ouers in die slawerny van die sonde gebore. Op die dag van die sondeval was die Seun dus sonder onderdane, maar God sal nie toelaat dat dit vir altyd so bly nie.

Op die bestemde tyd het die Seun van God na die wêreld toe gekom. As Jesus is Hy gebore om sy mense van die sonde te verlos. In die oë van die meerderheid mense het dit gelyk asof Jesus 'n verlore stryd gestry het op aarde. Met sy woorde en werke het Hy sy eie mense teruggeroep na God toe. Maar hulle het Hom verwerp en verag. Op die afgryslikste wyse het hulle hul veragting vir Hom getoon deur Hom aan 'n kruis te spyker.

Maar soos wat dit in Psalm 2 geskryf staan presies so het dit gebeur. God het vir die

mense gelag, want hulle het deur hulle sondige optrede juis die plan uitgevoer waarvoor Hy Jesus gesalf het. Aan die kruis het Jesus die onsigbare bese magte verpletter. Hy het die duiwel se kop vermorsel. Hy het die dood en graf oorwin, want sy Vader het Hom uit die dood opgewek om nooit weer te sterf nie. Aan Jesus het God alle mag in die hemel en op die aarde gegee. Hy is die ewige Koning wat God gesalf het.

En dit is op grond van hierdie hoëpriesterlike werk wat Hy op Golgota gedoen het dat die Seun van God al van die begin af besig is om sy onderdane bymekaar te maak. Met die Woord van God trek die Heilige Gees die mense vir wie Jesus aan die kruis gesterf het een vir een weg van die duisternis van die duiwel se koninkryk terug na die lig toe. Wanneer die Heilige Gees met die Woord in die binneste van 'n sondaar indring dan gebeur daar dinge binne-in so 'n mens. Die Heilige Gees verlig sy verstand, maak sy geslote hart oop. Hy drup die lewe in sy hart in en gee nuwe eienskappe in sy wil. Sodoende maak die Heilige Gees die sondaar met die Woord van God gewillig en gehoorsaam en mettertyd begin die sondaar gewillig in die voetstappte van Jesus sy Koning volg.

Elke mens wat deur die Heilige Gees met die Woord van God tot bekering en geloof in Jesus Christus gebring is, is dan 'n onderdaan van Jesus. Dit beteken dat Jesus Christus die ge-lowige regeer – nie met wette en geweld nie – maar met sy Gees en Woord. Elke keer wanneer 'n gelowige Bybelstudie doen of teenwoordig is waar die Woord suiwer verkondig word, is die Here Jesus besig met sy regeerwerk. Die Heilige Gees verseker en versterk keer op keer die gelowige van Jesus se woorde en werke vir hom.

Nêrens sal 'n mens 'n geduldiger koning kry as Jesus Christus nie. Watter koning sal keer op keer dieselfde ding vir 'n mens leer, soos Jesus Christus? Selfs ouers wat hulle kinders baie liefhet, raak soms ongeduldig omdat die kind nie wil hoor nie. Koning Jesus bly egter geduldig. Hoeveel keer gebeur dit dat gelowiges dink dat hulle vir die Here kan sê hoe Hy hulle moet regeer – wat Hy in hulle lewe moet toelaat en wat Hy van hulle moet wegkeer? Miskien sê hulle nie vir Hom hoe Hy moet regeer nie, maar hulle is bitter ongelukkig as sy regering nie is soos wat hulle gedink het dit behoort te wees nie. Met sy oneindige groot genade vererg Koning Jesus Hom nie vir sy onderdaan nie, maar op sy sagmoedige wyse leer Hy sy gelowige dat Hy sal doen wat Hy weet die beste is. Uiteindelik bring die Heilige Gees die gelowige ook daarby uit om te erken dat Jesus se regering volmaak en goed is, want Hy en sy Vader is daardeur verheerlik. Met die kragtige werk van die Heilige Gees en die lewende Woord raak die gelowige meer en meer gewillig en bereid om homself net aan sy Koning te onderwerp.

Koning Jesus vergader en regeer nie net sy onderdane nie. Hy beskerm hulle ook teen sy en hulle vyande. Deur sy Gees en Woord wil die Koning sy gelowiges beskerm teen die aanvalle van die duiwel, die wêreld en hulle eie sondige geaardheid. Jesus Christus het 'n duur prys betaal vir die mense wat sy Vader aan Hom gegee het om hulle sommer so onbeskermd in die wêreld te los. Hy is en bly nog immers hulle goeie Herder.

Daarom sal Hy hulle ook verlos van die verleidings van die wêreld en die duiwel. En die wyse waarop Hy dit doen is deur sy Gees en Woord. Die Heilige Gees maak gelowiges se oë oop en maak hulle op hulle hoede vir die verleidings wat daagliks op hulle afstorm. En deur sy Gees versterk Hy hulle sodat hulle teen die verleidings kan stry om uiteindelik voluit in sy oorwinning oor die sondige verleidings te deel. Omdat Christus sy gelowiges wil beskerm kan gelowiges aanhoudend vra dat die Here hulle met sy Gees sal versterk.

Wanneer gelowiges jonk is – nog kinders of jongmense – het hulle baie durf en sien kans vir enige uitdaging. Baie maal gebeur dit dat hulle in hulle oormoedigheid nie strikke sien wat die duiwel en die wêreld vir hulle stel nie. En wanneer ouers hulle kinders waarsku, gebeur dit dikwels dat die kinders hulle ouers kwalik neem. Seuns en dogters van hierdie

gemeente, Jesus Christus julle Koning beskerm julle juis deur middel van julle ouers omdat Hy hulle al verder gelei het deur sy Gees en Woord. Moet daarom nie kwaad word en dink jou ouers ontnem jou van die plesier in die lewe nie. Koning Jesus beskerm jou, want deur sy bloed is jy kosbaar vir Hom.

Koning Jesus bewaar ook sy onderdane. Met sy Gees en Woord hou Hy hulle geloof in stand sodat hulle kan volhard in die geloof. Jesus Christus sal nie toelaat dat een van die mense vir wie Hy aan die kruis gesterf het ooit verlore gaan nie. Daarom versterk Hy hulle geloof daagliks met die Woord en gereeld met die sakramente.

Dikwels gebeur dit dat gelowiges in hierdie lewe oorweldig is deur alles wat met hulle gebeur asook deur die sondige begeertes wat net nie 'n einde in hulle lewe wil kry nie. Wanneer gelowiges so oorweldig voel, tree moedeloosheid en wanhopigheid in en hulle dink hulle sal nooit kan volhou in die geloof nie. Dit is deur Petrus wat die Here Jesus dan die versekering dat sy Vader aan die een kant hulle erfenis vir hulle in bewaring hou in die hemel. En tegelykertyd bewaar Hy hulle in hierdie lewe deur die geloof sodat hulle op die bestemde tyd hulle erfenis in besit kan neem.

Geliefdes, aan Jesus Christus behoort alle mag in die hemel en op die aarde. Hy voer die gesag oor die hele wêreld, en alles sal uitloop op die punt waar almal Hom sal erken as die Here en elke knie voor Hom sal buig. Dit is net onder sy koninklike heerskappy waar die ware lewe is. Wie homself nog nie voor Jesus onderwerp het nie – vir daardie mens roep ons ernstig: Luister wanneer die Here jou roep en buig voor Hom as Koning. Die mense wat hulle aanhoudend teen Christus se gesag verset, sal uiteindelik voor Hom buig as hulle Regter en dan sal sy toorn oor hulle brand tot in ewigheid. Salig is elkeen wat hierdie goeie lewe al onder Koning Jesus gekry het.

Amen!

Slotgebed

Psalm 45:1, 2, 10, 16 (p. 230)

- 1 My hart, ontroer deur mymering, / sal lieflik van 'n Koning sing.
My tong, deur digvuur aangedryf, / is soos 'n pen wat vaardig skryf.
- 2 U 's skoon! Geen skoon wat daarby haal. / Bevalligheid van trek en taal
is oor u lippe uitgestort – / U wat deur God geseën word.
- 10 Gee dan die Koning, groot van mag, / op jou en op jou skoonheid ag,
o weier nie: buig voor Hom neer; / Hy is jou Koning en jou HEER.
- 16 Ek sal, o Vors, U eer bewys, / u Naam deur die geslagte prys.
Die volke sal, in U verblyd, / U loof vir ewig en altyd.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
19 Maart 2017